

## **Sing vooraf staande: Psalm 55:1, 3 (p. 275)**

- 1 Verhoor, o God, verhoor my klagte, / as ek, gekwel in my gedagte,  
geen rus kan vind of plek van vrede. / Net onrus is daar in my hart:  
ek dwaal, ek duisel, voel verward. / Verberg U nie, maar hoor my bede!
- 3 Ag, was ek nou, deur angs omgewe, / maar soos 'n duif, omhoog gehewe –  
ek sou met snelle vleuelslae / wegvlieg tot waar die wildernis  
my skuiling bied, waar 't veilig is / teen alte felle onweersvlae.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE  
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe  
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit  
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

### **Amen.**

### Loflied: Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang  
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede.  
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het  
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eindlose ewighede.

### Gebed

### Skrifberyming 5-1:1, 3 (6:1, 3)

- 1 Oor die kruis neersinkend, bid Hy: / "Vader, ag vergeef hul dit,  
want hul weer nie wat hul doen nie." / As Hy so sy bede bid,  
dan weerklink daar, slag ná slag, / hamerhoue van die wag.
- 3 By die kruispaal staan Maria, / en Johannes word haar kind:  
deur die kruiswoord: "seun" en "moeder", / word sy aan sy sorg verbind.  
En hy 't haar, van nooddruf vry, / al sy liefde toegewy.

### **Skriflesing: Johannes 19:17-27**

### **Kernverse: Johannes 19:25-27**

**En by die kruis van Jesus het gestaan sy moeder en sy moeder se  
suster, Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdaléna. En toe Jesus  
sy moeder sien en die dissipel wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê  
Hy vir sy moeder: Vrou, dáár is u seun! Daarop sê Hy vir die dissipel:  
Dáár is jou moeder! En van daardie uur af het die dissipel haar in sy  
huis geneem.**

(Johannes 19:25-27 AFR53)

**Tema:** Nie net die menigte vir wie Jesus sterf nie, maar ook die enkeling is belangrik

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, op hierdie Vrydagoggend neem die Heilige Gees  
ons met die Woord van God terug na Golgota. Iemand het eenkeer die bykans on-  
opsigtelike koppie Golgota met groot berge vergelyk. Golgota is soos die berg Ararat  
waarop die ark van ons lewe tot rus kom nadat dit rondgeslinger en geskud is in die  
lewenstorms. Golgota is soos die berg Nebo waarvandaan 'n mens die beste uitsig op die  
beloofde land kry.

Die byna onopsigtelike koppie Golgota is vir die Christen inderdaad soos hierdie groot berge. Hier op Golgota aan die voet van Jesus se kruis laat die Gees ons die diepe vernedering van ons Here raaksien – vernedering wat vir ons verhoging beteken. Uit die ellende van ons lewenstorms word ons opgehef deur Jesus se bloed tot aan die Vader se bors omdat ons rus vind deur Christus. Met ons oog gerig op Jesus aan die kruis, sien ons hoe dierbaar sy Vader se kinders vir Hom is; Hy lê sy lewe vir hulle af. Deur sy sterwe en opstanding maak Hy vir ons die pad oop na die beloofde land – ewig saam met God in die nuwe Jerusalem.

Daarom sal ons ware gelowiges nooit genoeg op Golgota kan kom nie. Hier word ons elke keer opnuut deur die Heilige Gees versterk in ons geloof. Elke keer verseker Hy ons dat Jesus Christus ook vir my en vir jou verlossing van ons sondes verdien het. Deur die krag van die geloof kan ons hierdie offer van Christus vir onself aanneem; die Heilige Gees skenk deur middel van die geloof aan ons alles wat Christus daar vir God se kinders verwerf het.

Broers, susters en kinders, wanneer die Heilige Gees ons vanoggend na Golgota neem, vestig Hy ons aandag op die derde kruiswoord wat ons Here Jesus aan die kruis uitgespreek het. Hy laat ons verby die ruwe soldate kyk wat Jesus se klere onder mekaar verdeel het en oor sy onderkleed gedobbel het. Hy laat ons verby die skare kyk wie se stemme al hees geskree is. Van vroeg die oggend af het hulle vir Pilatus geskree om vir Jesus te kruisig. En nou nog staan hulle en spot met hulle skor stemme. Hy laat ons ook verby die Fariseërs en skrifgeleerdes kyk wat selfvoldaan en smalend daar by die kruis staan. Hulle is selftevrede, want hulle dink dat hulle nou ontslae geraak het van hierdie lastige man wat Homself die Seun van God noem.

Verby al hierdie gedruis en gemaal by die kruis vestig Hy ons oog op 'n groepie van vier vroue en een man wat eenkant naby die kruis van Jesus staan. Hierdie vier vroue word by die naam genoem. Hulle is Maria, die moeder van ons Here, en langs haar staan haar suster wat met Sebedeus getroud is en sy is die ma van Johannes en Jakobus, twee van Jesus se apostels. Verder is daar ook nog Maria, die vrou van Klopas, en ook Maria Magdalena, vir wie Jesus van sewe duiwels verlos het. En die een enkele man saam met hierdie vier vroue is die dissipel vir wie Jesus baie lief is, naamlik Johannes die seun van Sebedeus. Maria, die moeder van ons Here, staan langs Johannes teen wie se skouer sy leun.

In hierdie groepie sien ons hoe die swakkes die sterkes in God se koninkryk skaam laat staan. Met die uitsondering van Johannes is daar nie een van die ander apostels by die kruis nie. Hulle het almal uit vrees vir die Jode gevlug en ook gedink dit is nou klaarpraat met die ideale wat Jesus so oortuigend gepreek het. Sprakeloos staan Johannes en die vier vroue daar. Tog staan hulle nie radeloos daar nie, want hulle geloof in Jesus Christus die Seun van God het hulle tot by die kruis met al sy afgryse gebring. Met hulle teenwoordigheid by die kruis wil hulle tog vir Jesus na sy mensheid bystaan al is hulle magteloos om enigiets aan sy pyn en lyding te doen.

Van die groter prentjie daar by die kruis fokus die Heilige Gees ons oog op 'n al kleiner toneel. Onder die vier vroue vestig Hy nou ons aandag net op Maria, die moeder van ons Here Jesus. Net 'n ma sal enigsins iets van die hartseer en pyn verstaan wat Maria in daardie oomblikke gely het. Sy sien die Heilige, wat sy in die wêreld moes bring en wat aan haar bors gelê het, daar aan die kruis hang soos 'n verstoteling van die wêreld. Deur mense is Hy vervloek om te sterf soos 'n misdadiger. In hierdie oomblikke begryp sy die

woorde wat die oue Simeon sowat 33 jaar vantevore by die tempel vir haar gesê het, naamlik dat 'n swaard deur haar siel sal gaan.

Hoewel die swaard vlymskerp deur haar siel gaan, maak sy geen skouspel van haar smart nie. Deur die krag van God se genade dra sy die smart in haar hart; soos nog altyd het sy ook hierdie gebeure met Jesus in haar hart bewaar. Sy verswaar nie Jesus se lyding met 'n hartstogtelike gehuil onder die kruis nie. Maar Jesus sien van die kruis af die trane agter haar stil gesig raak. Die swaard gaan deur haar siel, maar sy beswyk nie. Haar gewonde hart hou deur die geloof aan Jesus vas, want Hy is vir haar meer as net 'n seun; Hy is ook haar Verlosser. En sy bly getrou aan haar eie woorde wat sy jare gelede gefluister het toe die engel Gabriël aan haar verskyn het:

**Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord.**  
(Lukas 1:38 AFR53)

Terwyl Jesus aan die kruis al sy Vader se toorn en vloek oor die sonde van die ganse mensdom dra, terwyl ons goeie Herder sy lewe aflê vir al sy skape, vergeet Hy nogtans nie sy moeder nie. Hy sien haar raak en vir Johannes wat langs haar staan en sê vir haar: **Vrou, dáár is u seun!**, en vir Johannes: **Dáár is jou moeder!**

Alhoewel Jesus Christus besig is met die voleinding van sy werk as Verlosser op aarde waar Hy vir die wêreld aan die kruis sterf, sien Hy nog steeds sy moeder raak. Sy is nie maar net 'n nommer nie. Sy is nie maar net een van die gesiglose menigte wat daar rondom die kruis saamdrom nie. Sy is nie maar net een van die baie wat Hy moet verlos nie. Hoe groot Jesus se bediening ook al was, hoe wyd die omvang van sy roeping, hoe allesomvattend sy werk as Christus, die een deurboorde hart aan die voet van die kruis ontgaan nie sy Goddelike aandag nie. Hy is nie te besig om persoonlike aandag aan een enkele sondaar te skenk nie.

Jesus Christus weet sy sal nou as eensame weduwee alleen agterbly in 'n harde wêreld. Dit is 'n wêreld waarin die weduwee maar eenkant toe gedruk word en aan wie weinig aandag geskenk word. Maria het inderdaad nog ander seuns, maar hulle deel nog nie haar geloof in Jesus Christus nie. Hulle erken Hom nog nie as hulle Verlosser nie. Daarom skenk Hy aan haar 'n arm om op te leun, 'n hart waarin sy inderdaad die liefde van Christus sal vind, 'n seun wat werklik Jesus se vlees geëet en sy bloed gedrink het. Johannes is die dissipel wat waarlik gemeenskap met Christus het en hy is van almal die meeste bekwaam om Jesus se plek in te neem vir sover dit Maria se aardse behoeftes en belange betref.

Nadat Jesus vir Maria gesê het: **Vrou, dáár is u seun!** het Hy na Johannes gekyk en vir hom gesê: **Dáár is jou moeder!** Jesus spreek Maria as *vrou* aan, want wat Hy sê, is plegtig sy testament aangaande sy moeder. En Hy herhaal sy testament aan Johannes sodat daar in die toekoms geen misverstand sal wees nie. Maria mag nooit bang wees dat sy te veel van Johannes se aandag verg nie. En Johannes se eie ma wat ook hierdie woorde daar by die kruis hoor, mag nooit voel asof sy deur haar seun verwaarloos word ter wille van Maria nie. Intendeel, sy sal nie haar eie seun se liefde verloor nie, want in 'n hart wat waarlik liefde gee, verminder die liefde nie – die liefde neem eerder toe.

Gehoorzaam aan die wil van sy Here het Johannes van daardie oomblik af vir Maria in sy huis geneem as sy verantwoordelikheid. Dit is moontlik dat Johannes haar toe wegbring het na sy huis sodat sy nie die verskriklike Godverlatenheid wat Jesus nog moes deurmaak ook nog moes aanskou nie. Johannes het later alleen teruggekom na die kruis en gesien hoe Jesus aan die kruis sterf.

Geliefde broers, susters en kinders, afgesien daarvan dat die Heilige Gees ons in hierdie derde kruiswoord van ons Here leer dat Hy nooit die enkeling vergeet nie al is die wêreld hoe belangrik vir sy Vader, is daar tog nog meer hier te leer. In hierdie gebeure waarop die Heilige Gees ons aandag vanoggend vestig sien ons ook die getrouheid van 'n moeder en die liefde van 'n kind raak.

Die naam *moeder* of *ma* is verseker een van die mees troosryke en dierbaarste name onder mense. In 'n mens se grootste hartseer en grootste vreugde is daar niemand anders onder die mense wat die meeste geroep word as 'n ma nie. In die naam *moeder* skitter iets van God se liefde. God vergelyk Homself immers met 'n moeder; Hy troos ons soos 'n moeder (Jes 66:13) en Hy kan ons minder vergeet as wat 'n vrou haar kind kan vergeet (Jes 49:15).

Maar die hartseer wat 'n ma beleef kan nie onder woorde gebring word nie. Ons noem 'n vrou wat haar man verloor het 'n weduwee en ons noem 'n kind wat sy ma verloor het 'n weeskind. Maar 'n ma wat haar kind verloor het ..., hierdie hartseer is te groot om onder woorde te bring. In 'n ma se hart is daar nie net oorvloed liefde nie, maar ook trou wat alles kan verdra – trou wat 'n ma selfs na Golgota toe laat gaan om met haar stilswyende teenwoordigheid haar Seun na sy mensheid nog te versterk terwyl Hy onder die gespot van sy vyande aan die kruis hang.

Ons wil nie hiermee in verering van Maria verval soos dit by die Roomse Kerk gebeur nie. Maar ons laat ons deur die Here ook in hierdie gebeure by die kruis leer. Hy het God se wet tot in sy dood volmaak vervul. Hy het waarlik sy vader en moeder geëer soos God ons in die Tien Gebooie beveel. En die liefde wat Hy aan haar bewys wanneer Hy Johannes as seun aan haar gee, is sy antwoord op haar trou aan Hom. Kinderliefde is die antwoord op moedertrou.

Egte liefde van 'n kind vir sy ma bestaan nie maar net uit vleierende woorde nie. Ware liefde van 'n kind vir sy ma steun en dra haar; dit veroorsaak dat 'n kind onderdanig en gehoorsaam is aan sy ma. Kinderliefde word sigbaar in die voorsorg wat 'n kind vir sy ma ook tref. Die Here leer ons nie om vir Maria te vereer nie, maar om ons eie moeders te eer. In hierdie derde kruiswoord vermaan die Here ons dan tot egte kinderliefde vir ons moeders en vaders. Hierin moet ons ook volmaak word. En ons kan na hierdie volmaaktheid streef, want ons het die Heilige Gees wat binne-in ons woon en werk en ons heilig en volmaak maak.

Ten tweede lei die Here ons nogeens weg van enige besondere verering van Maria wanneer Hy haar nie as moeder nie maar as vrou aanspreek. Hoewel dit plegtige woorde is wat Jesus tot haar rig, is dit ook liefdevolle woorde. Haar natuurlike band met Hom as haar seun word geheilig tot 'n geloofsband. Hy is immers meer as net haar Seun, sy moes in Hom ook haar enigste Verlosser sien soos elke ander gelowige Hom moet beskou.

In die koninkryk van God is ons natuurlike verwantskap met mekaar van man en vrou, kinders en ouers ondergeskik aan die hoër geloofsgemeenskap. Daarmee leer die Gees ons nie dat ons natuurlike verwantskap onbelangrik is nie. Dit is belangrik, want dit moet diensbaar wees aan God. Man en vrou moet God verheerlik en gehoorsaam in hulle verhouding. Kinders gehoorsaam God deur hulle ouers te eer, en ouers gehoorsaam God deur hulle kinders op te voed in die vrese van die Here. Maar uiteindelik is die natuurlike bloedverwantskap in die koninkryk van God nie meer belangrik nie. Daarom verklaar Jesus vir Maria die moeder van Johannes en vir Johannes die seun van Maria.

Maar die kruisoffer van Christus het nie net Maria en haar nefie se verhouding tot mekaar verander nie. Aan die voet van Jesus se kruis word ook die verhouding van vreemdelinge tot mekaar verander. Deur Christus se bloed kom daar ook tussen gelowiges wat aanvanklik vreemd vir mekaar was 'n familieverbintenis, 'n gemeenskap van heiliges wat deur een Middelaar tot God hulle Vader opsien. En daarom word gelowiges broers en susters, moeders en kinders in die Here vir mekaar.

Ten derde leer die Heilige Gees ons met hierdie opdrag van Jesus aan Johannes en Maria om om te sien na diegene onder ons wat in nood en swaarkry verkeer. Op vele plekke in die Skrif leer die Gees ons dat die Here se oog in besonder vol liefde op die weduwees en weeskinders rus. Daarom vermaan Hy sy volk al van ouds af om na hulle om te sien. Vandag is Jesus Christus se oog nie minder op die weduwees en weeskinders nie. Elke weduwee kan dieselfde liefde van Jesus verwag as wat Maria ontvang het toe Hy sê: **Vrou, dáár is u seun!**

Die weduwees in die geloofsgemeenskap – in die gemeenskap van die heiliges – word vertroos deur die Here: Vrou, hier is jou seuns en dogters. Met sy kosbare bloed verbind Hy juis die verstoteling van die wêreld aan mekaar met 'n band van onbreekbare liefde. En vir elkeen wat getrou en gehoorsaam aan die Here leef, vermaan die Here met die woorde aan Johannes: **Dáár is jou moeder!** Hierdie woorde is nie maar net 'n mooi versoek wat Jesus tot ons gelowiges rig nie, dit is 'n bevel uit die mond van ons Koning. Juis omdat ons met 'n band van onbreekbare liefde aan mekaar verbind is, moet ons na die weduwees en verstoteling omsien – ten eerste dié in die gemeente maar ook dié buite die gemeente. Die wêreld gee niks om vir 'n weduwee nie, maar die kerk het die opdrag om na hulle om te sien.

Geliefdes, mag die Heilige Gees hierdie derde kruiswoord van ons Here Jesus Christus aan elkeen van ons se harte verseël, en mag Hy dit op ons harte ingrapeer. Dan sal ons altyd onthou dat elkeen van ons net so belangrik is vir die Here as wat al God se kinders saam vir Hom belangrik is. Dan sal ons so volmaak in ons liefde vir ons ouers en in ons trou aan ons kinders word soos die Here ons beveel. Dan sal ons waarlik broers en susters, ouers en kinders in die Here vir mekaar wees. Dan sal die weduwees waarlik getroos wees en ons kinders hulle waarlik soos hulle eie moeders versorg.

**Amen!**

Gebed

Skrifberyming 5-3:4, 5 (8:4, 5)

- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag, en eer en heerlijkheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –
- 5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / "Aan Hom wat heerlijk is, hoog op die wêreldtroon, en aan die Lam van God, self ewige Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!" Met "Amen, Amen!" het die gérubs opgesewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Goeie Vrydag  
3 April 2015